

REKENINGKUNDE GRAAD 10

KONTROLE TOETS 3

TERMYN 3

2021

VRAAG	TEMA	PUNTE	TYDSDUUR
1	Konsepte en Staat van Omtvattende Inkomste	52	47 minute
2	Notas tot die Finansiële state en Staat van Finansiële Posisie	48	43 minute
	Totaal	100	90 minute

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye

VRAAG 1: KONSEPTE EN STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**(52 punte; 47 minute)****1.1 KONSEPTE**

Pas die beskrywing in kolom A met die konsep in kolom B. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraag nommer (1.1.1. – 1.1.5) op die ANTWOORD BOEK. (5)

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Wys die winsgewendheid van die besigheid	A	Waardevermindering
1.1.2	Inkomste en uitgawes moet geboekstaaf word in die periode waarin hul verdien of voorgekom het	B	Balansstaat
1.1.3	Die verlaging in die waarde van 'n bate oor 'n tydperk as gevolg van slytasie	C	Inkomstestaat
1.1.4	'n Verslag wat die finansiële posisie van die besigheid aantoon	D	Rente
1.1.5	'n Bedrag gehef op geleende fondse	E	Paringsbeginsel

1.2 STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**SANELE HANDELAARS**

Sanele Baloyi, is die eienaar van Sanele Handelaars. Die besigheid koop en verkoop tradisionele rokke en hef 'n fooi vir verstellings. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 30 Junie.

GEVRA:

- 1.2 Voltooi die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 30 Junie 2021.

(47)

INLIGTING:**A. Uitreksel vanaf die Voor-aansuiweringsproefbalans van Sanele Handelaars vir die jaar geëindig 30 Junie 2021.**

	Debiet	Krediet
Grond en geboue	878 400	
Voertuie	680 000	
Toerusting	240 000	
Opgelope waardevermindering op voertuie (1 Julie 2020)		120 000
Opgelope waardevermindering op toerusting (1 Julie 2020)		56 400
Handelsvoorraad	89 200	
Debiteurekontrole	26 340	
Lening: RSA Bank		462 000
Huur inkomste		76 000
Oninbare skulde ingevorder		2 500
Rente op lopende rekening		440
Herstelwerk	23 400	
Skryfbehoeftes	18 780	
Telefoon	22 500	
Advertensies	12 800	
Oninbare skulde	5 400	
Bankkoste	6 200	

B. ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS:

1. Die besigheid het 'n ekstra stoorkamer vir R110 000 aangebou en herstelwerk aan die administratiewe kantoor vir R18 400 gedurende die finansiële jaar gedoen. Daar is uitgevind dat die totale bedrag van R128 400 teen Grond en geboue rekening gedebiteer is. Herstel die fout.
2. Beskadigde goedere met 'n kosprys van R5 000 is aan die verskaffer terug gestuur.
3. Volgens die fisiese voorraadopname was die volgende voorrade voorhande op 30 Junie 2021:
 - Handelsvoorraad: R84 460
 - Skryfbehoeftes: R780
4. 'n Bedrag van R1 800 is ontvang vanaf S. Davids, 'n debiteur wie se rekening vroër as oninbaar afgeskryf is. Die bedrag is in die Kontantontvangstejoernaal onder die Debiteurekontrole onledings-kolom geboekstaaf en so oorgeboek. Herstel die fout.

5. 'n Debiteur, M. Radebe wie die besigheid R4 200 skuld is insolvent verklaar. Die insolvente boedel het 20 sent vir elke rand wat sy skuld betaal. Skryf die res af as oninbaar.
6. Die telefoon rekening vir Junie 2021 is ontvang maar nog nie betaal nie, R1 540.
7. Ingesluit by die bedrag vir advertensies is 'n bedrag vir R3 300, die bedrag is vir 'n advertensie geplaas vir 'n drie maande periode in die plaaslike koerant beginnende op 1 Junie 2021.
8. Die volgende inskrywings verskyn op die bankstaat vir Junie 2021 maar is nog nie in die besigheid se boeke geboekstaaf nie:
 - Kontantheringsheffings, R320
 - Rente op voordelige banksaldo, R80
9. Die rekening van M.Ndebele, 'n debiteur, is drie maande agterstallig. Hy skuld die besigheid R5 000. Die besigheid het rente gehef teen 8% p.j vir drie maande en die bedrag is nie geboekstaaf nie.
10. 'n Gedeelte van die gebou word uit verhuur vir R5 000 vanaf 1 Januarie 2020. Volgens die huur ooreenkoms sal die huur met 15% jaarliks verhoog beginnende vanaf 1 Januarie 2021. Huur is ontvang tot 31 Augustus 2021.
11. Die leningstaat vanaf RSA Bank op 30 Junie 2021 toon die volgende:

Saldo op 1 Julie 2020	540 000
Totale terugbetaling gedurende die jaar (rente ingesluit)	78 000
Saldo op 30 Junie 2021	473 000

- Die rente vir die jaar is gekapitaliseer.
12. Waardevermindering moet as volg bereken word:
 - Voertuie teen 15% per jaar volgens die reguitlyn-metode. 'n Nuwe voertuig is aangekoop op 1 April 2021 vir R280 000 en is korrek geboekstaaf.
 - Toerusting teen 10% per jaar volgens die verminderde saldo metode.

VRAAG 2**NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE****(48 punte; 43 minute)****LOVEDAY WINKELS**

Peter Loveday is die eienaar van Loveday Winkels. Die besigheid koop en verkoop meubels vir kontant en op skuld. Hul finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2021.

GEVRA:

- 2.1 Berei die volgende notas tot die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:
- 2.1.1 Eienaarsbelang (6)
- 2.1.2 Handels- en ander debiteure (7)
- 2.1.3 Handels- en ander krediteure (9)
- 2.2 Stel die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2021 op. (26)

INLIGTING:**A. Na-afsluitingsproefbalans van Loveday Winkels op 28 Februarie 2021.**

Balanstaat-rekening afdeling	Debiet	Krediet
Kapitaal (1 Maart 2020)		776 550
Onttrekkings	12 800	
Grond en geboue	980 000	
Voertuie	560 000	
Toerusting	150 000	
Opgelope waardevermindering op voertuie		112 000
Opgelope waardevermindering op toerusting		28 500
Handelsvoorraad	154 300	
Debiteurekontrole	23 500	
Bank	15 600	
Wisselgeld	5 000	
Kleinkas	2 000	
Vaste Deposito: Perm Bank	45 000	
Lening: RSA Bank		685 600
Krediteurekontrole		68 450
Opgelope inkomste	5 200	
Vooruitontvange inkomste		2 500
Opgelope uitgawes		1 840
Vooruitbetaalde uitgawes	1 400	
Verbruiksgoedere voorhande	1 650	
SAID – LBS		2 100
Pensioenfonds		840
Netto wins		278 070
	1 956 450	1 956 450

B. ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS:**(I) Eienaarsbelang**

- Die rekenmeester het vergeet om die kapitaal-rekening op 28 Februarie 2021 af te sluit.
- Peter Loveday het addisionele kapitaal bygedra van R25 000 op 28 Februarie 2021 via EFO. Die transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

(II) 'n Gedeelte van die fondse belê op vaste deposito sal verval op 30 Junie 2021, R15 000.

(III) Rente op lening word gekapitaliseer, R39 050 sal kwartaaliks in die volgende finansiële jaar betaal word in gelyke vier paaie. Die bedrag sluit nie rente in nie.

(IV) Maseko Handelaars is beide 'n debiteur en krediteur vir Loveday Winkels. 'n Kreditsaldo van R1 200 in die Debiteuregrootboek moet oorgedra word na die krediteuregrootboek.

(V) Peter het handelsvoorraad gekoop en via EFO betaal, die kosprys is R8 000. Die transaksie is nog nie geboekstaaf nie

48

TOTALE PUNTE: 100